

**Maandag 9 Mei**

**Skrifgedeelte: Psalm 104**

**Fokusgedeelte: Psalm 104:30 (1983-vertaling)**

**Die Gees maak nuut**

Ek wil die Here loof! Ons hele lewe is tog in God se hande. Hy het die lewensasem in die mens geblaas. Deur Hom lewe ons. Sonder Hom is ons dood.

In alles in die skepping is God betrokke. Sy lewensasem gee nuwe lewe. Hier word menslikerwys van die Heilige Gees gepraat. Alreeds by die skepping was die Lewensasem, die Gees, werksaam. Hy is tog van ewigheid af God, saam met die Vader en die Seun. God hou die skepping, wat eintlik verlore is, deur sy vernuwende Gees in stand.

Al is ons wêreld so vol sonde, is daar tog 'n balans. Dit is God se werk. Alles het 'n bepaalde plek en betekenis in die groot geheel, want alles is deur God goed gevestig.

Die Gees werk vernuwend in die natuur: uit die grond groei nuwe lewe. So stuur Hy die hele skepping na die wederkoms van Christus.

Soos in die natuur, blaas die Heilige Gees ook die lewensasem in ons om ons nuut te maak. Deur ons sondes is ons vuil, korrup, liefdeloos, losbandig en goddeloos. Waar ons ore sluit om nie deur God se Woord die Gees in ons laat werk nie, bly net verderf en dood.

Deur die werking van die Gees kom daar in ons egter nuwe lewe en dit is "liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing" (Gal. 5:22).

- So 'n lewe ervaar die wonder van Christus se lewe persoonlik.
- So 'n lewe vertrou geheel en al op God alleen en wil Hom in alles eer.
- So 'n lewe laat God in jou meer word en jyself minder.
- So 'n lewe maak God se Naam groot oral waar jy kom.

Luister en sien die werk van die Heilige Gees! Daarom wil ek die Here loof!

*Sing: Psalm 104-2:14, 16*

*Ds. RG Aucamp (Roelie) (emeritus)*